

Sing vooraf staande: Skrifberyming 7-2:1 (nuut)

- 1 Die Begin en Einde, / Alfa en Omega, / hoor, dis Ek wat kom!
Hou my wet en woorde / tot jy deur die poorte / veilig binnekom.
Buite bly die bese staan, / sondaars wat voor God nie bewe. / – Jý ontvang die lewe!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 107:10, 14 (p. 535)

- 10 Laat hul met offerande / die HERE loof en dank,
die werke van sy hande / vermeld met klare klank;
laat hul Hom dank bewys / vir redding wat so soet is,
Hom met hul offers prys, / omdat Hy groot en goed is.
- 14 Ver trek die stormgeruisel, / die wind se krag 's gespil;
daar kom 'n sag gesuisel, / die golfslag word weer stil.
Dan is hul harte bly / deur God se goeie gawe;
die skip, van onweer vry, / bring Hy in veil'ge hawe.

Gebed

Psalm 86:1 (p. 431)

- 1 HEER, my God, ontferm U oor my, / luister na my stem, verhoor my!
'k Is ellendig, diep in nood, / gans en al van hulp ontbloot.
O bewaar my, U 's almagtig; / maak my weer u guns deelagtig;
red u kneg, verlos my nou, / waar 'k alleen op U vertrou.

Skriflesing: Hebreërs 2

Teks: Hebreërs 2:17; Kategismus Sondag 14

**... barmhartige en getroue hoëpriester kon wees in die dinge wat in
betrekking tot God staan, om die sondes van die volk te versoen.**
(Hebreërs 2:17 AFR1953)

Van die begin van ons geskiedenis af het die Here ons belowe dat ons eendag verlos sal
word van die sondes en ellendes waarin ons onself beland het. Aanvanklik was die
beloftes min en vaag. Maar soos wat die geskiedenis aangegaan het, het die Here al hoe
meer beloftes gegee, en elke keer al duideliker gemaak dat die Verlosser uit 'n nasaat van
Eva (met ander woorde 'n mens) gebore sou word.

Kom ons kyk weer na die menswording van die Seun van God:

- 1. Die wyse waarop Hy mens word**
- 2. Die betekenis daarvan dat Hy mens word**
- 3. Die nut van sy menswording vir ons**

1. Die wyse waarop Hy mens word

Die ewige Seun van God is God self.

- Hy was van altyd af daar.
- Hy sal vir ewig en altyd daar wees.
- Tog het God in sy verlossingsraad besluit dat die Seun van God 'n menslike natuur moet aanneem om die mense van hulle sondes te kan verlos.

Baie jare gelede het die heidene al in hulle valse godsdienste geweet dat daar eendag iemand sal wees wat uit God gebore sal word, wat ons mense sal verlos.

- Die heidene het net nie geweet dat Hy ons weer in ons verhouding met God sou herstel nie.
- Mettertyd het hulle godsdienste al hoe meer verval en in die tyd toe die Here Jesus gebore is, het hulle glad nie meer geglo dat 'n goddelike wese uit 'n mens gebore kan word nie.

Dit is waarom die apostel Paulus met hierdie saak baie moeite gedoen het om die heidene daarvan te oortuig dat die Verlosser uit 'n vrou gebore is.

- Ons lees dat hy aan die kerke in Galasië skryf dat toe die tyd wat God daarvoor bepaal het, aangebreek het, Hy sy Seun gestuur het. Hy is uit 'n vrou gebore en van sy geboorte af was Hy aan die wet onderworpe (Galasiërs 4:4).
- Vir die heidene wat uit die Romeine tot bekering gekom het, het hy dieselfde dinge geskryf.
 - Hy skryf vir hulle dat die Here vooruit die evangelie van die Here Jesus Christus deur sy profete in die Heilige Skrif aangekondig het.
 - Hierdie evangelie handel oor sy Seun.
 - As mens is Hy uit die geslag van Dawid gebore.
 - Op grond van sy opstanding uit die dood is Hy deur die Heilige Gees aangewys as die Seun van God wat met mag beklee is, Jesus Christus ons Here (Romeine 1:2-4).

Daarom is Jesus Christus gebore – sy geboorte was die ware aanneming van die menslike natuur.

- Kan u dink hoe 'n groot skok dit vir Maria self was toe die engel vir haar gesê het dat sy swanger sal word en God se Seun baar, en dat sy Hom die naam Jesus moes gee? (Lukas 1:31)
- Die engel het vir haar gesê **hoe** dit sal gebeur:

Die Heilige Gees sal oor jou kom, en die krag van die Allerhoogste sal die lewe in jou wek. Daarom sal die een wat gebore word, heilig genoem word, die Seun van God (Lukas 1:35 AFR1953).

Daar is baie dinge wat vir ons 'n raaisel is rondom die ontvangenis van die Here Jesus, maar dit is juis die dinge wat ons in die geloof moet aanvaar.

- Ons moet aanvaar dat God aan ons openbaar dat sy Seun die menslike natuur volmaak en sonder smet aangeneem het.
- Hy was nie met erfsondes belaaï soos ons nie.
- Hy was (en is steeds) heilig God.
- Hy is die onbevleete Lam van God wat as mens gebore is om Homself te offer tot versoening van ons sondes.

Die menswording van Jesus Christus het Hom nie van sy Godheid ontnem nie. Hy is steeds ewige en almagtige God.

- Dit lees ons in Romeine 9:5. Die Heilige Gees openbaar dat Christus van die aartsvaders afstam. Christus is as mens uit hulle gebore – maar dan beklemtoon die Bybel dat Christus God is, verhewe bo alles en lofwaardig vir ewig! Hy bevestig dit met die woord *Amen*.
- Ons lees dit ook in Johannes 1:1:

In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. (Johannes 1:1 AFR1953)

2. Die betekenis daarvan dat Jesus mens word

Daar is geen skepsel of geen wese wat ons kon verlos van die oordeel van God, behalwe die Seun van God nie. Daar is ook geen enkele verlossingsplan wat ons van die toorn van God kan verskoon nie, behalwe die een waarin die Drie-Enige God besluit het dat die tweede Persoon van die Godheid 'n mens moet word, en namens die uitverkore mensdom die straf van God moet verduur.

Die Here openbaar baie mooi waarom Jesus 'n mens geword het.

- Daar staan geskryf dat Jesus net soos die mense mens geword het, aangesien ons mense van vlees en bloed is. Dit het Hy gedoen om deur sy dood dié een wat mag het oor die dood, dit is die duiwel, te vernietig (Hebreërs 2:14).
- Dit was ook nie net 'n kwessie dat Jesus 'n mens moes wees nie. Hy moes in elke opsig aan ons gelyk word sodat Hy 'n barmhartige en getroue Hoëpriester voor God kon wees om die sondes van die volk te versoen (Hebreërs 2:17).
- Die reg van God sou nooit 'n Middelaar kon aanvaar wat nie self aan die swakhede onderwerp was waaraan alle mense onderwerp is nie. Daarom skryf die Bybel die volgende van die vleeswording van die Here Jesus:
Die Hoëpriester wat ons het, is nie Een wat geen medelye met ons swakhede kan hê nie; Hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp, maar Hy het nie gesondig nie (Hebreërs 4:15 AFR1953).
- Juis die feit dat Jesus ewige en waaragtige God is en bly, maar nogtans 'n menslike natuur aangeneem het, maak Hom 'n gepaste en bekwame Middelaar. Ons kon net verlos word deur 'n Hoëpriester wat heilig, skuldeloos en sonder smet is, wat afgeskeie van die sondaars is, en wat hoër as die hemele geword het.
- Die reg van God het vereis dat dit Een moet wees wat nie, soos die ander menslike hoëpriesters, elke dag eers vir sy eie sondes offers moes bring, en dan vir dié van die volk nie.

Daarom het Jesus immers eens en vir altyd 'n offer vir die sondes gebring toe Hy Homself geoffer het (Hebreërs 7:26, 27).

3. Die nut van die Here Jesus se menswording vir ons

Die dinge wat ons tot nou toe gesê het, is alles waar, maar ons moet weet watter voordeel ons hieruit trek. Die Bybel leer ons 'n hele klomp dinge, en as ons hierdie dinge mis, dan mis ons die ware geloof, en ook ons kindskap van God. Kom ons kyk na enkele dinge wat die Here ons leer wat die menswording van Christus vir ons beteken:

En ons weet dat die Seun van God gekom het en ons verstand gegee het om die ware God te ken; en ons is in die ware God, in sy Seun, Jesus Christus. Hy is die ware God en die ewige lewe (1 Johannes 5:20 AFR1953).

En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is (Johannes 17:3 AFR1953).

Jesus het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word toe Hy as mens verskyn het (Filippense 2:7 AFR1953).

Julle weet tog dat julle nie met verganklike middele soos silwer of goud losgekoop is uit julle oorgeërfde sinlose bestaan nie. Inteendeel, julle is losgekoop met die kosbare bloed van Christus, die Lam wat vlekloos en sonder liggaamsgebrek is (1 Petrus 1:18, 19 AFR1953).

Christus het een maal vir die sondes gely, die onskuldige vir die skuldiges, om julle na God te bring, Christus wat as mens doodgemaak is, maar deur die Gees lewend gemaak is (1 Petrus 3:18 AFR1953).

Christus Jesus het vir ons geword die wysheid wat van God kom: die vryspraak, die heiliging en die verlossing (1 Korintiërs 1:30 AFR1953).

God het met die sonde afgereken deur sy eie Seun in dieselfde gestalte as die sondige mens te stuur; so het Hy die sonde in die sondige bestaan van die mens veroordeel (Romeine 8:3 AFR1953).

Jesus Christus, die Seun van God, het die hoogste hemele verlaat en het 'n mens geword.

- As mens het Hy baie moeite en lyding deurgemaak.
- Maar hierin was Hy die Knecht van God wat verlossing vir mense bewerk het.
- Deur sy kennis het hierdie Knecht van God, die Regverdige, baie regverdig gemaak; en Hy het hulle skuld gedra. Jesaja (53:11) het dit al voorspel.

Glo u hierdie dinge? Glo u werklik dat die Here Jesus mens geword het om u regverdig te maak? Praat u net, of glo u werklik dat Hy al die straf vir u sondes gedra het?

As u dit alles werklik glo, kan u die vreugde van Dawid deel toe hy uitgeroep het:

Dit gaan goed met die mens wie se oortredings nie gestraf word nie, wie se sonde vergewe word. (Psalm 32:1 AFR1953).

Kom ons lees Heidelbergse Kategismus Sondag 14 saam.

Vraag 35: Wat beteken: wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria?

Antwoord: Dat die ewige Seun van God, wat ware en ewige God is (a) en bly (b), die ware menslike natuur uit die vlees en bloed van die maagd Maria (c) deur die werking van die Heilige Gees aangeneem het (d). So is Hy tegelykertyd die ware nakomeling van Dawid (e), in alles aan sy broers gelyk (f), behalwe die sonde (g).

(a) 1 Joh 5:20; Joh 1:1; 17:3; Rom 1:3, Kol 1:15. (b) Rom 9:5. (c) Gal 4:4; Luk 1:31, 42, 43. (d) Matt 1:20; Luk 1:35. (e) Rom 1:3; Ps 132:11; 2 Sam 7:12; Luk 1:32; Hand 2:30. (f) Fil 2:7; Heb 2:14, 17. (g) Heb 4:15.

Vraag 36: Watter nut verkry jy uit die heilige ontvangenis en geboorte van Christus?

Antwoord: Dat Hy ons Middelaar is (a), en met sy onskuld en volkome heiligheid my sonde waarin ek ontvang en gebore is, voor God bedek (b).

(a) Heb 7:26, 27. (b) 1 Pet 1:18, 19; 3:18; 1 Kor 1:30, 31; Rom 8:3, 4; Jes 53:11; Ps 32:1.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 116:1, 4 (p. 569)

- 1 God het ek lief, want die getroue HEER / hoor na my stem uit vrye welbehag;
ek roep Hom aan in al my lewensdae, / Hy skenk my hulp, Hy red my, keer op keer.
- 4 Eenvoudiges wil God steeds gadeslaan. / 'k Was uitgeteerd, maar Hy is vol ontferming.
Soek dan, my siel, jou rus in sy beskerming, / Hy 't jou verlos en aan jou welgedaan.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis

Gereformeerde Kerk Bellville. Datum: 15 Mei 2011

Gereformeerde Kerk Clanwilliam. Datum: 6 Julie 2014